

God as die onveranderlike

God is die Hoë en Verhewene wat in die ewigheid woon. Hy is onpeilbaar vir die mens se verstand. Ons kan wel ten dele kennis van God besit, maar Hom nooit ten volle ken of begryp nie.

Ons onvermoë om God te deurgrond moet egter nie veroorsaak dat ons Hom as die Onbereikbare en as Een wat totaal anders is, gaan beskou nie. Nee, Hy bly Vader en as sodanig betrokke by sy kinders se lewe en lewenstryd.

As ons gebede nie dadelik en presies soos ons dit wil hê, verhoor word nie, moet ons nie dink dat God nou ongevoelig en afsydig teenoor ons geword het nie. Job het in sulke omstandighede selfs beweer "U is jeens my verander in 'n onbarmhartige; deur die sterkte van u hand behandel U my as vyand."

Tog bly die HERE die groot Onveranderlike wat nooit sy geliefde kinders as vyande sal behandel nie, maar tot in ewigheid as barmhartige Vader vir hulle trou wil sorg. As ons ontrou is, bly Hy getrou; Hy kan Homself nie verloën nie (2 Tim 2:13).

Hierdie ewige Vader se eniggebore Seun is Here van sy mense en Koning van sy Kerk. Ook Hy is onveranderlik en in sy ondeurgrondelike genade aan geen menslike wispelturigheid of willekeur gebonde nie. Tereg sê die Hebreërskrywer van Hom: "Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid" (Hebr. 13:8).

Ons leef in 'n wêreld vol valsheid, vyandskap, onbarmhartigheid en gemeenheid. Mag dié wete ons dan ryklik troos: Ons behoort aan 'n drie-enige God wat in sy genade, barmhartigheid en vrede onveranderlik is en bly vir al sy kinders.

Sing Psalm 74:14 tot 16

Dr. I.L. Bekker (Die Moot)